medihelp
mediese skema

# Aansoek om registrasie van medisyne: chronies en voorgeskrewe minimum voordele (vmv)

Navrae: 086 0100 678
Faks: 012 334 2466
Posadres: Posbus 26042, Arcadia, 0007
E-posadres: medicineapp@medihelp.co.za

## Afdeling 1: Moet deur die pasiënt voltooi word

### Besonderhede van hooflid

| | | | |
|---|---|---|---|
| Titel | | Identiteitsnommer | |
| Van | | Voorletters | |
| Voordele-opsie | | Lidnommer | |

### Besonderhede van pasiënt

| | | | |
|---|---|---|---|
| Titel | | Identiteitsnommer | |
| Van | | Voorletters | |
| Telefoon (H) | | Geslag | Manlik / Vroulik |
| Selfoon | | Telefoon (W) | |
| E-posadres | | | |

Ek verkies om kommunikasie per pos ☐ **of** e-pos ☐ te ontvang.

Ek begryp en verklaar dat my aansoek ongeldig sal wees indien enige inligting deur my verstrek vals of onvolledig is. Ek verleen toestemming aan my dokter om die diagnose van my siektetoestand op hierdie vorm te verstrek en begryp dat die inligting op hierdie aansoekvorm te alle tye vertroulik hanteer sal word. Ek verstaan dat goedkeuring onderhewig is aan kliniese intreekriteria en algoritmes soos deur Medihelp bepaal.

**Handtekening van pasiënt** ______________________________ **Datum** J J J J M M D D

*(ouer/voog indien minderjarig)*

## Afdeling 2: Moet deur die mediese praktisyn voltooi word

### Besonderhede van mediese praktisyn

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorletters en van | | | |
| Tipe praktisyn (bv. algemene praktisyn) | | | |
| Praktyknommer | | Telefoonnommer | |
| Faksnommer | | E-posadres | |

Ek verklaar dat alle inligting verskaf in die afdelings hieronder na my beste wete korrek en akkuraat is. Ek neem kennis dat Medihelp slegs ingeligte befondsingsbesluite kan neem indien alle inligting rakende die pasiënt se siektetoestand verskaf word.

**Handtekening** ______________________________ **Datum** J J J J M M D D



INA KOK ( 0301 ) Contact: 0832358681 Email: consultus.brokers@mweb.co.za

## Vereiste kriteria vir goedkeuring van voordele vir VMV- chroniese medisyne

Lede kan aansoek doen om voordele vir **VMV-medisyne** vir die volgende 26 chroniese toestande op die lys van chroniese toestande (Chronic Diseases List – CDL). Dit is noodsaaklik dat ’n pasiënt **aan die kriteria voldoen** soos bepaal in die aansoekvorm wanneer hy/sy om voordele vir hierdie toestande aansoek doen. Die volgende besonderhede word slegs ter inligting verskaf en moet asseblief nie saam met u aansoek aan Medihelp teruggestuur word nie. In die geval van **Necesse- en Prime Netwerk-lede** moet die formularium eers geraadpleeg word voordat medisyne vir VMV-toestande voorgeskryf word.

| VMV-toestand | Voorvereistes (vir die Plus, Elite en Prime-voordele-opsie) |
|---|---|
| Addison se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis, pediater** of **endokrinoloog**<br>· Diagnostiese serumkortisolvlakke en ACTH-stimuleringstoets in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Asma | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Kinders jonger as 3 jaar: diagnose deur ’n pediater of pediatriese pulmonoloog in die geval van ’n **eerste aansoek**<br>· Kombinasiediagnose van asma en COLS moet deur ’n **pulmonoloog** of **internis** bevestig word |
| Bipolêre gemoedsteuring | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Voltooi die **aansoekvorm vir bipolêre gemoedsteuring in afdeling 4** |
| Brongiëktase | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **pulmonoloog** of **internis** in die geval van ’n **eerste aansoek**<br>· Heg die mees onlangse mikroskopiese kultuuruitslae en ’n motivering aan indien ’n antibiotikum voorgeskryf word |
| Chroniese obstruktiewe lugwegsiekte (COLS) | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· ’n Longfunksietoets wat beide die FEV1-/FVC- en FEV1-**postbrongodilatorwaardes** aandui<br>· Kombinasiediagnose van asma en COLS moet deur ’n **pulmonoloog** of **internis** bevestig word |
| Chroniese renale siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis** of **nefroloog** in die geval van ’n **eerste aansoek**<br>· Diagnostiese uitslae van die serumkreatinienopruimingstoets **of** glomerulêre filtrasietempo **of** die albumien-tot-kreatinienverhouding (ACR) in die geval van ’n **eerste aansoek (heg patologieverslag aan)**<br>· Hemoglobienwaarde indien aansoek gedoen word vir eritropoiëtien |
| Crohn se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis, chirurg, gastroënteroloog** of **pediater**<br>· Diagnostiese kolonoskopie in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Diabetes insipidus | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis, pediater, endokrinoloog, neurochirurg** of **neuroloog**<br>· Positiewe waterdeprivasietoets in die geval van ’n **eerste aansoek (heg patologieverslag aan)** |
| Diabetes mellitus tipe 1 | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Diabetes mellitus tipe 2 | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Diagnostiese vastende plasmaglukose- en/of glukosetoleransietoetsuitslae of lukraak bloedglukose- of glikosileerde A1c-hemoglobientoetsuitslae (HbA1c) in die geval van ’n **eerste aansoek (heg patologieverslag aan wat u eerste diagnose bevestig het)** |
| Disritmie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis** of **kardioloog** in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Epilepsie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog**, **neurochirurg**, **pediatriese neuroloog, pediater, geriater of internis** of die bevindings van ’n **EEG-verslag** as bevestiging van die diagnose indien deur ’n ander **geregistreerde mediese praktisyn** gediagnoseer, in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Gloukoom | · ICD10-kode en diagnose deur ’n oftalmoloog |
| Hartversaking | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis** of **kardioloog**, of die uitslag van die **Pro-BNP-patologietoets** as bevestiging van die diagnose indien deur ’n ander **geregistreerde mediese praktisyn** gediagnoseer, in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Hemofilie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Diagnostiese uitslae van faktor VIII- of IX-patologietoetse in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Hiperlipidemie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Voltooi die **aansoekvorm vir hiperlipidemie in afdeling 5**<br>· **Vastende diagnostiese basislynlipogram**, insluitend die totale cholesterol-, HDL-, trigliseried- en LDL-waarde (let daarop dat “basislynlipogram” verwys na die patologieverslag wat u eerste diagnose bevestig het)<br>· Mees onlangse vastende lipogram indien medisyne verander of dosis verhoog |
| Hipertensie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Klassifiseer die graad van hipertensie en dui die bloeddruklesing aan – voltooi **afdeling 6** |
| Hipotiroïdisme | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Diagnostiese uitslae van TSH- en FT4-patologietoetse in die geval van ’n **eerste aansoek (heg diagnostiese patologieverslag aan)**<br>· Voltooi die **aansoekvorm vir hipotiroïdisme in afdeling 7** |
| Kardiomiopatie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis** of **kardioloog** in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Koronêre arteriesiekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis** of **kardioloog** in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Parkinson se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog** of **internis** in die geval van ’n **eerste aansoek** asook enige verandering in regime |
| Rumatoïede artritis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis, rumatoloog** of **pediater** |
| Sistemiese lupus-eritematose | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis, rumatoloog** of **pediater** |
| Skisofrenie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **psigiater of pediatriese psigiater** |
| Ulseratiewe kolitis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **internis, gastroënteroloog** of **chirurg**<br>· Diagnostiese kolonoskopie- of sigmoïdoskopieverslag in die geval van ’n **eerste aansoek** |
| Veelvuldige sklerose | · ICD10-kode en kliniese diagnostiese verslag van ’n **neuroloog** ondersteun deur MRB-bevindings<br>· Indien siektemodifiseringsterapie voorgeskryf word, skakel asseblief Medihelp se Kliëntesorgsentrum by 086 0100 678 om die **toepaslike aansoekvorm** aan te vra |

## Vereiste kriteria vir goedkeuring van voordele vir chroniese medisyne

**Die volgende chroniese toestande word bykomend gedek slegs vir lede van die Plus- en Elite-voordele-opsie. Let daarop dat dekking aan kliniese intreekriteria en protokolle onderhewig is:**

| Chroniese toestand | Voorvereistes (slegs vir die Plus- en Elite-voordele-opsie) |
|---|---|
| Aandaggebreksindroom met of sonder hiperaktiwiteit (ADHD) | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **pediater, psigiater** of **neuroloog** in die geval van ’n eerste aansoek |
| Aknee | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **dermatoloog**<br>· Slegs erge graad van aknee sal vir voordele oorweeg word<br>· Duidelike kleurfoto van die geaffekteerde area |
| Algemene angsversteuring | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **psigiater** |
| Allergiese rinitis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Alzheimer se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog** of **psigiater** vergesel van die uitslag van ’n Mini-mental-verslag<br>· Verandering in terapie: Uitslag van die Mini-mental-verslag of die MoCa-waarde (Montreal cognitive assessment) |
| Ankiloserende spondilitis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **rumatoloog, ortopediese chirurg** of **internis** |
| Benigne prostaathipertrofie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· ICD10-kode en diagnose deur ’n **uroloog** indien **finasteried, dutasteried** of ’n kombinasie van geneesmiddels voorgeskryf word |
| Cushing se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **endokrinoloog** of **internis** |
| Dermatitis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **dermatoloog** indien kombinasieterapie voorgeskryf word |
| Endometriose | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **ginekoloog** |
| Gastro-esofageale reflukssiekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Gastroskopieverslag nie ouer as 12 maande om diagnose te bevestig |
| Hiperprolaktinemie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **endokrinoloog, internis** of **ginekoloog**<br>· Patologieverslag nie ouer as 12 maande nie van die prolaktienvlakke<br>· Jaarlikse opvolgpatologieverslag nie ouer as 12 maande nie |
| Hipertiroïdisme | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Diagnostiese TSH-patologietoetsuitslae in die geval van ’n **eerste aansoek (heg diagnostiese patologieverslag aan)** |
| Huntington chorea | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **toepaslike spesialis** |
| Inkontinensie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Jig (slegs voorkomende behandeling) | · ICD10-kode en diagnose deur 'n geregistreerde mediese praktisyn |
| Major depressie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Ménière se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **oor-neus-en-keelspesialis** |
| Menopouse | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Migraine (slegs voorkomende behandeling) | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn vir eersteliniemiddels<br>· T**weedeliniemiddels** sal oorweeg word indien deur ’n **neuroloog** voorgeskryf |
| Motorneuronsiekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog** |
| Myasthenia gravis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog**<br>· Diagnostiese patologieverslag van die asetielcholien-reseptorteenliggaampies in die geval van ’n **eerste aansoek**<br>· Voltooi die **aansoekvorm vir myasthenia gravis** in die geval van ’n **eerste aansoek**<br>· Skakel asseblief Medihelp se Kliëntesorgsentrum by 086 0100 678 om die toepaslike vorm aan te vra |
| Narkolepsie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog** of **psigiater** |
| Neuropatiese pyn | · ICD 10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Obsessief-kompulsiewe steuring | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **psigiater** of **pediatriese psigiater** |
| Osteo-artritis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Motivering word vereis indien ’n selektiewe COX-2-inhibeerder voorgeskryf word |
| Osteoporose | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· BMD-verslag (slegs ’n **DEXA-skandering** word aanvaar) en aanduiding van toepaslike risikofaktore |
| Paget se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **toepaslike spesialis**<br>· Patologieverslag om die diagnose te bevestig |
| Paniekversteuring | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **psigiater** |
| Pemfigus/Pemfigoïed | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **dermatoloog, oftalmoloog of otolaringoloog**<br>· Histopatologie of direkte immunofluoressensietoets op velbiopsie |
| Pernisieuse anemie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn<br>· Patologieverslag om die diagnose te bevestig |
| Polisistiese ovariële sindroom | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **ginekoloog** |
| Posttraumatiese stressteuring | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **psigiater** of **pediatriese psigiater** |
| Psoriase | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **dermatoloog** |
| Psoriatiese artritis | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **rumatoloog** of **internis** |
| Pulmonêre interstisiële fibrose | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **pulmonoloog** |
| Raynaud se siekte | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **geregistreerde mediese praktisyn** |
| Sistiese fibrose | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **pediater, pulmonoloog, internis of ’n algemene praktisyn met ’n spesiale belangstelling in sistiese fibrose** |
| Sjögren se siekte | · ICD 10-kode en diagnose deur ’n geregistreerde mediese praktisyn |
| Sosiale fobie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **psigiater** of **pediatriese psigiater** |
| Trigeminale neuralgie | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **neuroloog**<br>· Verskaf die pasiënt se medisynegeskiedenis |
| Trombositopeniese purpura | · ICD10-kode en diagnose deur ’n **toepaslike spesialis** |

| | |
|---|---|
| Van en voorletters van hooflid | |
| Naam van pasiënt | |
| Lidnommer | |

# Afdeling 3: Moet deur die mediese praktisyn voltooi word

**Instruksies:**

1. Voltooi een aansoekvorm per pasiënt.
2. **Onvolledig voltooide of ou aansoekvorms sal nie verwerk word nie. Hierdie aansoekvorm is slegs vir 2019 geldig.**
3. Indien die medisyne vir 'n **geregistreerde toestand** verander het, moet 'n nuwe voorskrif met ICD10-kodes na Medihelp gestuur word.
4. Faks die voltooide en ondertekende aansoekvorm na **012 334 2466,** pos dit na **Posbus 26042, ARCADIA, 0007** of e-pos dit na **medicineapp@medihelp.co.za**.
5. Registrasie by Medihelp of veranderings aan 'n goedkeuringskedule sal slegs geldig wees vanaf die datum van goedkeuring. **Goedkeuringskedules sal onder geen omstandighede terugdateer word nie.**
6. Indien u enige navrae het, skakel asseblief Medihelp se Kliëntesorgsentrum by **086 0100 678**.
7. Die Kliëntesorgsentrum is beskikbaar Maandae tot Donderdae van 07:00 tot 17:00 en Vrydae van 08:00 tot 16:00.
8. Kliniese navrae van mediese praktisyns sal hanteer word Maandae tot Donderdae van 07:30 tot 16:00 en Vrydae van 08:00 tot 16:00. Slegs navrae aangaande toestande wat reeds by Medihelp geregistreer is, sal telefonies hanteer word.

## Besonderhede van medisyne

| Diagnose (verpligtend) | ICD10-kode (verpligtend) | Naam en sterkte van medisyne voorgeskryf | Dosering | Dosis per maand | Hoeveelheid herhalings |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

**Onthou asseblief om die toepaslike patologie- en/of diagnostiese verslae aan te heg, soos in die voorvereistelys aangedui. Verslae moet duidelik leesbaar wees. Moet asseblief nie gedeeltes van die verslag met 'n glanspen merk indien u die verslag per faks stuur nie, aangesien dit leesbaarheid belemmer. Let asseblief daarop dat goedkeuring van medisyne onderhewig is aan intreekriteria en protokolle soos deur Medihelp bepaal. Verwys asseblief na die Necesse-formularium indien medisyne vir Necesse-lede voorgeskryf word en na die Prime Netwerk-formularium indien medisyne vir Prime Netwerk-lede voorgeskryf word.**

| | |
|---|---|
| Naam van behandelende geneesheer | |
| Praktyknommer | |
| Tipe praktisyn (bv. kardioloog) | |

**Handtekening van mediese praktisyn** ______________________

**Datum** J J J J M M D D

Van en voorletters van hooflid

Naam van pasiënt | Lidnommer

# Afdeling 4: Bipolêre gemoedsteuring

1. Merk asseblief die diagnose wat van toepassing is op die pasiënt:

| | | Datum van mees onlangse episode: |
|---|---|---|
| · Bipolêr I-gemoedsteuring | | |
| - Enkele maniese episode | | J J J J M M D D |
| - Mees onlangse episode – manies | | J J J J M M D D |
| - Mees onlangse episode – “mixed” | | J J J J M M D D |
| - Mees onlangse episode – “rapid cycling” | | J J J J M M D D |
| - Mees onlangse episode – depressief | | J J J J M M D D |
| · Siklotimiese steuring | | J J J J M M D D |
| · Bipolêr II-gemoedsteuring | | |
| - Mees onlangse episode – hipomanies | | J J J J M M D D |
| - Mees onlangse episode – depressief | | J J J J M M D D |
| ICD10-kode | | |

2. Dui asseblief aan of die huidige episode die eerste of ’n herhaalde episode is:

Eerste episode ☐ **of** Herhaalde episode ☐

3. Meld asseblief in watter fase die siektetoestand by aanvang was

4. Verskaf asseblief die pasiënt se medisynegeskiedenis:

| Medisyne | Dosering | Tydperk van behandeling | Spesifiseer die rede vir staking, indien bekend |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |

5. Spesifiseer die medisyne waarvoor aansoek gedoen word.

**Let daarop dat medisyne slegs vir VMV sal kwalifiseer indien dit gebruik word vir die indikasies, tydperk van behandeling en in die dosis waarvoor dit in Suid-Afrika geregistreer is.**

| Medisyne | Dosering | Tydperk van behandeling |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Ek verklaar dat alle inligting verskaf in die afdelings hierbo na my beste wete korrek en akkuraat is. Ek neem kennis dat Medihelp slegs ingeligte befondsingsbesluite kan neem indien alle inligting rakende die pasiënt se siektetoestand verskaf word.

**Handtekening van mediese praktisyn** ____________________ **Datum** J J J J M M D D

*Verwysing:*
*Hierdie vorm is saamgestel deur die kriteria te gebruik soos uiteengesit in die **Maudsley prescribing guidelines 11th Ed.** in samewerking met Psychiatrists in Private Practice (P3) en die South African Society of Psychiatry (SASOP).*

Van en voorletters van hooflid

Naam van pasiënt | Lidnommer

## Afdeling 5: Hiperlipidemie

**Verskaf asseblief die basislynlipogramwaardes. Indien basislynwaardes nie beskikbaar is nie, bevestig dat die lipogram op terapie gedoen is en spesifiseer die medisyne wat tans gebruik word:**

**Heg die patologieverslag aan die aansoekvorm.**

Basislynlipogram ☐ **Of** Op terapie ☐

Totale cholesterol

Indien op terapie, spesifiseer die medisyne wat gebruik is toe die aangehegte lipogram gedoen of waardes bepaal is

Trigliseriede

Duur van terapie, indien op terapie

HDL

Ouderdom met diagnose

LDL

- Het die pasiënt enige simptome van aterosklerotiese siekte soos bevestig deur 'n kardioloog/internis of het die pasiënt 'n vorige insident gehad? Ja / Nee
  - Verskaf die korrekte ICD10-kode vir bogenoemde toestand of insident
  - Praktyknommer van kardioloog/internis of tipe insident
- Tipe 1-diabetes met bewese mikroalbuminurie of proteïenurie – heg patologieverslae aan Ja / Nee
- Tipe 2-diabetes – indien toestand nog nie by Medihelp geregistreer is nie, heg **diagnostiese patologieverslae** aan Ja / Nee

Vastende glukosewaarde ☐ **OF** Lukraak bloedglukosewaarde ☐

- Sistoliese bloeddruklesing
- Word die pasiënt vir hipertensie behandel? Ja / Nee
- Rook die pasiënt? Ja / Nee
- Genetiese hiperlipidemie:
  - Gediagnoseer deur 'n endokrinoloog? Ja / Nee
  - Praktyknommer van die endokrinoloog
  - Positiewe familiegeskiedenis van miokardiale infarksie in:
    - Eerstegraadse manlike bloedverwant (vader/broer) < 55 jaar Ja / Nee
    - Eerstegraadse vroulike bloedverwant (moeder/suster) < 65 jaar Ja / Nee
  - Teenwoordigheid van tendon xantoom Ja / Nee
- Spesifiseer die medisyne waarvoor aansoek gedoen word
- ICD10-kode

Van en voorletters van hooflid

Naam van pasiënt | Lidnommer

# Afdeling 6: Hipertensie

**Dui asseblief die graad van hipertensie aan:**

☐ Ligte hipertensie ☐ Matige hipertensie ☐ Ernstige hipertensie

Huidige bloeddruklesing

Op behandeling: Ja / Nee

Indien op behandeling, spesifiseer die medisyne wat tans gebruik word:

# Afdeling 7: Hipotiroïdisme

**Verskaf asseblief die basislyn- TSH- en FT4-waardes. Indien basislynwaardes nie beskikbaar is nie, bevestig dat die patologie op terapie gedoen is en spesifiseer die medisyne wat tans gebruik word:**

**Heg die patologieverslag aan die aansoekvorm.**

Basislynwaardes ☐ **of** Op terapie ☐

Indien op terapie, spesifiseer die medisyne wat gebruik is toe die aangehegte patologie gedoen of waardes bepaal is

TSH-waarde

FT4-waarde

Duur van terapie, indien op terapie

Dui asseblief aan of die volgende van toepassing is op hierdie pasiënt:

- Hashimoto se tiroïditis
- Tiroïdektomie
- Behandeling met radioaktiewe jodium

- Spesifiseer die medisyne waarvoor aansoek gedoen word
- ICD10-kode